### *Jaïrus se toespraak oor die invloed van wonders*

**31** **Jaïrus** voeg daaraan toe: "Ja, ja, magtige Cyrenius, u het volkome gelyk as u van uself sê dat u nou heeltemal weet waar u staan; want ook ek en seker elkeen van ons weet dit nou, en kan op grond van hierdie onweerlegbare waarheid die ewige noodsaak insien van die aard van alles, en hoe die aard van die mens moet wees. Maar wat kan `n mens daaromtrent doen? Die mensdom is te diep versonke; `n sagte, vrye leer verstaan hy nie, en platweg gestel sou die mens niks daaraan wil bestee nie. Dit sou vergeefse moeite wees, wat hoogstens distels en dorings as waardelose vrugte sou oplewer! Met sagte middele werk dit dus nie, ten minste nie by die Judeërs nie, wat maar al te bekend is aan my!

[2] Maar om wonders te gebruik om die volk te leer, is dubbel so sleg. Ten eerste omdat die mens wat die waarheid aanneem ter wille van die wonder, `n veroordeelde, onvrye mens is, wat nie deur die wonder bekragtigde woorde vanweë die besefde waarheid glo nie, maar vanweë die magtige wonder. Hy volg die woorde ook nie na uit innerlike oortuiging en die daaruit voortkomende eiewil nie, maar uit pure onderdanige vrees vir die een of ander plotselinge straf. Sodra iemand egter die wonder behendig uit sy kop uit wegpraat, sal hy ook die eerste een wees wat die woord en die geloof met vreugde vaarwel sal roep! Ten tweede is `n leer wat deur `n wonder bekragtig word, sleg, omdat die wonder, wanneer dit aan die volgende geslag vertel word, as sodanig nie blywend kan wees nie. En `n wonder wat vertel word en nie beleef word nie, kan ook nie meer waarde hê as `n oorgelewerde kindersprokie nie.

[3] As `n mens egter `n wonder blywend kon maak, of as `n mens al die verkondigers van die waarhede wat hier gehoor is, die mag kon gee om altyd wonders te doen, dan sou daar in die eerste plek die blywende wonder deur die menseverstand maar al te gou in die ry van die natuurlike daaglikse verskynsels gesit word en sy groot oortuigingskrag verloor. Terwyl in die tweede plek `n wonder wat deur al die verkondigers van die waarheid steeds verrig sou kon word, daardeur óók alledaags sou word. Soos wat dit ook gaan met die alledaagse toordery van die straatgoëlaars, wat ek weliswaar nie kan na-aap nie, en waarby ek nie kan verstaan hoe en met watter middele hulle dit laat gebeur nie, maar omdat `n mens iets dergeliks te dikwels sien, verloor dit die waarde van die eintlike wonderbaarlike, en sak af tot die alledaagse en heel gewone.

[4] Is alles wat ons daagliks omring, nie `n buitengewone wonder nie? Wat ons hoor, sien, voel, ruik, proe - is `n buitengewone wonder! Maar omdat alles blywend is en in `n steeds gelyke voortgaande orde plaasvind, verloor dit die karakter van die wonderbaarlike en is dit ook geen rede meer vir `n mensesiel om te glo nie; slegs `n paar natuurkundiges is wetenskaplik daarmee besig. Dié lê met hulle oor op die aarde en doen alle moeite om die gras te hoor groei; maar hoewel hulle ondanks al hul moeite weinig of niks daarvan leer nie, en nie kan vasstel hoe die gras groei nie, trek hulle uiteindelik tog sulke wyse gesigte asof hulle dit verstaan het. Andere leer, omdat hulle die gras nie kan laat groei nie, ou, al baie verslete toertjies, bedrieg daarmee die blindes, en laat die wat sien, lag oor die argelose wyse waarop die blindes hulleself laat uitvang.

[5] Daarom is dit so dat wonders eintlik weinig of meestal heeltemal geen waarde het vir die verbetering van die mens nie, terwyl dit wat ek nou oor wonders gesê het, maar al te waar is; dit wek wel dikwels by die toeskouers nuuskierigheid op, maar die duistere bande om die hart, verdwyn ondanks alle verontrusting van die siel tog nie. Die aangapers van die wonders bly soos wat hulle voorheen was, en vra hoogstens dikwels so dom as moontlik aan mekaar: 'Hoe sou die wonderdoener dit tog gedoen het!?' Die nog dommer deel sien egter by die wonderdoener slegs maar duiwels en hulle spokery.

[6] As die doen van wonders egter so weinig gewenste resultate oplewer, en volgens U heldere uiteensetting, o Majesteit en Meester, wette wat van buite afgedwing word, nog geringer en slegter resultate gee, terwyl daar vir die opneem van die vrye leer nouliks vyf uit `n duisend mense geskik is, dan meen ek om geen ongelyk te hê as ek nogmaals die belangrike vraag stel: 'Wat moet `n mens as leraar dan doen?' Die wonder rig iemand ten gronde, die strenge wet eweneens - en vir die vrye aanname van die leer van die goddelike Wysheid is `n mens slegs selde heeltemal ontvanklik daarvoor! Hoe kan `n mens homself met sukses uit hierdie dilemma bevry? Hoe kan `n mens met `n skip sodanig tussen die welbekende Scylla en Charibdis laveer dat mens nóg deur die één, nóg deur die ander verslind word?"

### *Hoofkenmerke van Elohim se wese*

**32** **Ek** sê: "Vriend, jou oordeel is heel goed, maar één ding het jy tog vergeet, en dit is dat by Elohim baie dinge moontlik is wat die mense as onmoontlik beskou. Kyk en tel My leerlinge! Daar is

weinig onder hulle wat `n skoolopleiding het; maar Ek het hulle eers deur die woord opgewek, en by My opgeneem en eers daarna die genoemde mag van die goddelike woord laat ondervind. As `n wonder volg op die gegewe, suiwere woord is dit geen oordeel meer nie, maar slegs `n bekragtiging van die woord.

[2] Ek gee die bewyse egter nie deur die wonders wat Ek doen nie, maar deur die Lig van die Woord self en sê: 'Wie heeltemal volgens My Woord sal lewe, hy sal die lewende oortuiging in homself laat groei dat My woorde geen leë woorde van mense is nie, maar woorde van Elohim!'

[3] Voorwaar, wie hierdie uitgesproke bewys nie in sy hart ten dele sal laat val nie, die sal weinig of niks van alle ander bewyse hê nie! Want My woorde is Lig, Waarheid en Lewe.

[4] Daarom, wie My woord hoor, dit aanvaar en daarvolgens lewe, hy het Myself in hom opgeneem. Wie My egter opneem, die neem ook Hom op wat My in die wêreld gestuur het, maar wat tog ook Één met My is. Want wat Ek wil, dit wil Hy ook! En Hy is niks anders as Ek en Ek niks ander as Hy, tot en met die vel, wat ons beide omhul. As by iemand, netsoos by My, liefde en wysheid in één hart woon, dan is hy soos Ek en die Een wat My na hierdie wêreld toe gestuur het tot genesing en saligmaking van almal, en hy sal in die Seun van die Mens glo! - Verstaan julle dit?"

[5] Baie sê: "Ja, Meester!"; maar enigeen kan sê: "Meester, dit is eerstens `n baie moeilike leer, en ons verstaan nouliks die betekenis daarvan. Hoe kan U en U Woord één en dieselfde wees?"

[6] **Ek** sê: "As julle nie in staat is om dinge te verstaan wat so helder soos glas is nie, hoe sal julle dan nog belangriker dinge kan verstaan? As jy die aardse nie verstaan nie, hoe sal jy dan die hemelse in jou kan opneem? - Wat en wie is die Vader dan? Kyk en luister: Die Ewige Liefde in Elohim is die Vader! - Wat en wie is die Seun dan? Die Lig wat uit die Vuur van die Liefde voortkom, is die Wysheid in Elohim! Soos die Liefde en Wysheid egter één is, so is Vader en Seun ook één!

[7] Wie van julle het nie die liefde en dit wat daarby behoort, verstaan nie? Bestaan dit daarom egter uit twee wesens? Of moet hy snags in één kamer op alle plekke lig aansteek om iets te sien, as daar al `n lamp brand met `n heldere vlam, wat ook `n vuur is? Gee één helder vlam in dieselfde kamer dan nie genoeg lig vir die hele kamer nie? Kom die lig nie van die vlam, wat ook die vuur is nie? En omdat die lig van die vlam afkom, is dit daarom iets anders as die liggewende vlam self? - O, julle blindes! Sulke heeltemal natuurlike dinge kan julle nie eers as één geheel sien nie - hoe wil julle lateraan die hemelse verstaan?

[8] **Daarom sê Ek aan die van julle wat hulself ook maar enigsins oor My woorde vererg, hy moet na sy huis gaan, en doen en glo wat vir hom goed en juis lyk! Want eendag sal elkeen volgens sy geloof lewe, en die dade wat hy volgens sy geloof uit liefde gedoen het, sal sy regter wees!**

[9] Want Ek sal niemand oordeel nie, maar die regter van elke mens sal sy eie liefde wees - volgens die woord wat Ek nou tot julle gespreek het!"

[10] Na hierdie verklaring kom hulle wat My toespraak nie verstaan het nie na My toe en vra My of hulle mag bly; want die dag begin al by hulle te breek, en hulle sou baie moeite doen om My woord beter te verstaan as wat tot nou toe die geval was!

[11] En **Ek** sê: "Ek het julle tog nooit weggejaag nie, maar Ek het slegs almal wat hulleself vir my sou vererg, die raad gegee om ter wille van hulle verlossing maar liewer te gaan, eerder as om hulleself te bly vererg! Omdat Ek julle dus nie weggejaag het nie, waarom sou julle dan nie mag bly nie? Bly, as julle harte hulleself nie vererg nie!" - Na hierdie raad gaan hulle weer terug en is heeltemal gerusgestel.